Die Psalms

Welkom:

Hoe reageer ek op die wonderlike, oorbluffende, soms bedreigende mengelmoes wat my omstandighede is? En hoe reageer ek op die allesdeurdringende teenwoordigheid van God se liefde in dit alles – ook daardie tye wanneer ek dit glad nie ervaar nie, en slegs bewus is van swaarkry-dinge? Hoe leef die Here se mense as gemeenskap binne die omstandighede waarin ons ons nou bevind?

Die Psalms is al die gebedeboek van die kerk genoem. In hierdie versameling van gedigte en liedere word die volle spektrum van menslike reaksies op ons omstandighede aangetref, maar juis – so glo ons – op 'n wyse waardeur vir ons as gelowiges 'n stem gegee word om ons eie reaksie op ons omstandighede uit te druk. En om op die wonderlike werklikheid van God se Aanwesigheid in ons omstandighede te antwoord.

Wanneer ons oor die Psalms peins word ons uitgenooi om in die eerste plek te groei in ons kennis van God. Ons word uitgenooi om dieper te groei in ons ervaring van Sy liefde, Sy heiligheid, Sy regverdigheid en Sy versorging. En daarmee saam word ons uitgenooi om te groei in ons kennis van onsself. Wat is die gepaste reaksie op God se liefdesverklaring aan ons in Christus? Maar ook: wat is al die maniere waarop ek myself en andere bedrieg en waarop ek wegdraai van die Liefde af?

Psalm 1

Ysbreker
Deel met mekaar: watter van hierdie drie negatiewe emosies staan vir jou voorop in jou lewe: woede, vrees of angstigheid?

Aanbidding
Indien moontlik, gee 'n minuut stilte waarin elkeen eers self in die oomblik in God se teenwoordigheid kan kom. Daarna vra een persoon die Here se seën op die byeenkoms.

Bybelstudie

Lees Psalm 1 saam met mekaar. Indien moontlik, luister na die gedeelte uit elk van die verskillende vertalings wat teenwoordig is by die byeenkoms.

1. Psalm 1 begin met die woorde "Dit gaan goed..." Dit sou ook vertaal kon word met "gelukkig," of "welgeluksalig", of selfs "geseënd." Praat met mekaar oor wat in ons kultuur as 'n gelukkige lewe beskou word.

2. In hierdie psalm word ons opgeroep om 'n keuse te maak: "Kies die lewe!" (vgl Deuteronomium 30:19 en Josua 24:15). Deel met mekaar hoe dit in jou lewe gebeur het dat jy bewustelik gekies het om Jesus Christus te volg. Waarom is dit belangrik om elke dag weer hierdie besluit te maak?

3. Wat sou dit in vandag se lewe kon beteken om "met sondaars om te gaan" en "met ligsinniges saam te span"?

4. Waarin sou dit uitkom dat 'n mens in die Woord van die Here jou vreugde vind? Wat (of Wie!) is hierdie Woord?

5. Benediktynse monnike sing elke week al 150 Psalms deur die loop van die week se eredienste. Watter waarde kan daar vir 'n mens daarin wees om diep en gereeld oor elke psalm na te dink?

6. Volgens hierdie psalm is 'n boom wat geplant is sterk en standvastig, terwyl los blare sommer maklik heen en weer gewaai word. Wat het hierdie metafore te sê vir ons lewe?

7. Lees ook nou Jesus se woorde in die bergrede: Matteus 5:3-12. Soos in Psalm 1 gaan dit hier oor die saliges of "werklik gelukkiges". Wat het Jesus self met geluk te make?

8. Beteken die feit dat 'n mens in die Woord van die Here jou vreugde vind dat jy nooit swaarkry sal beleef nie?

Dienswerk
Is julle kleingroep tans by een of ander dienswerkprojek betrokke? Besoek gerus ons gemeente se webwerf www.wapadrant.co.za vir moontlikhede.

Gebed
Deel met mekaar julle behoeftes aan voorbidding en ook gesamentlike danksegging. Laat een persoon daarna voorgaan in gebed met hierdie gebedsversoeke in gedagte.

Psalm 8

Ysbreker
Behalwe dat die groeplede in mekaar belangstel en uitvra hoe dit gaan, oorweeg spesifiek die volgende:

- Kontroleer die verjaarsdaglys en maak seker dat al die inligting korrek is, en dat elkeen dit het.
- Deel met mekaar konkreet wat die Here vir jou die afgelope tyd beteken het.

Aanbidding
Sing ‘n lied of liedere tot eer van die Here en/of doen dan die volgende:
Blaai na Psalm 136 in julle Bybels en lees dit hardop vers vir vers saam met mekaar. Iemand lees elke keer die eerste deel van die lofprysing, en dan sê die hele groep die refrein saam met mekaar. Met die volgende vers lees die volgende een in die kring dan weer die eerste deel van die vers, ens. Laat een persoon dan namens julle die Here se seën vra vir hierdie byeenkoms.

Bybelstudie
Lees Psalm 8 saam met mekaar. Gee aan elkeen in die groep om die beurt geleentheid om ‘n vers te lees.

1. “Hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde. Hoe glansryk alles wat u in die hemelruim geplaas het.”
   God se Naam is op ‘n manier God self. Wat sou dit beteken dat God se Naam wonderbaar is oor die aarde? Waar is God? Is Hy net “buitekant” die skepping wat Hy gemaak het?

2. Lees vers 3 weer. Lees ook Psalm 27:5,6.
   Hoe kan dit wees dat lofprysing vyande tot swye bring? Hoe kan dit wees dat erediens sterker is as magsuitoefening en wapens?

3. “Kinders en suigelinge besing... so word die vyande tot swye gebring.” Lees ook 1 Korintiërs 1:18-25.
   Kleintjies en swakkes bring vyande tot swye. Hoe behoort hierdie misterie in ons lewens te figureer: as ek swak is, is ek sterk?

4. Lees verse 4-6.
   Wat beteken dit dat ons mense tegelyk klein en groot is? Waarin lê ons kleinheid? Waarin lê ons grootheid?

5. “U laat hom heers... U het alles aan hom onderwerp.”
   Het ons mense hierdie heerskappy en onderwerping van alles dalk verkeerd verstaan? Doen ons dit reg? Wat sou dit beteken dat ons moet heers?

6. Hoe kan ons – juis as Christene – meer in voeling met die skepping lewe?

Dienswerk
Hoe gaan dit met die beplanning en uitvoering van julle kleingroep se dienswerk? Indien julle tans wonder oor ‘n nuwe projek om by betrokke te raak, oorweeg gerus die moontlikhede vir uitreik saam met Kungwini Welsynsorganisasie

- Paul Jungnickelhuis
- Nickel Kersmark

- Kinderhuis
- Lethabong-gemeenskapsprojek
- Kontak Wapadrant se uitreikkoördineerder vir verdere inligting

Gebed

Sing verse uit Psalm 8 saam. Laat een persoon in die groep dan voorgaan in ‘n dank- en voorbiddinggebed.

Psalm 20

Ysbreker
Behalwe dat die groeplede in mekaar belangstel en uitvra hoe dit gaan, oorweeg spesifiek die volgende:

- Vertel vir mekaar wat hierdie week in die koerante die hooftemas was. Dalk kan die kinders ook deel waaroor kinders by die skool praat.
- Deel met mekaar konkreet wat die Here vir jou die afgelope tyd beteken het.

Aanbidding
Steek 'n kers aan om daarmee te simboliseer dat julle gefokus in God se teenwoordigheid kom.
Sing Psalm 8 saam met mekaar wat julle ook tydens die vorige byeenkoms gesing het.
Sing liedere wat die kinders ook ken, en laat een of meer van die kinders bid om die Here se seën.

Bybelstudie
Lees Psalm 20 saam met mekaar. Indien moontlik, luister na die gedeelte uit elk van die verskillende vertalings wat teenwoordig is by die byeenkoms.

1. "Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood..."
   Wat is dit in 'n noodsituasie wat maak dat 'n mens spontaan begin bid? Kan dit heilsaam vir 'n mens wees dat jy van tyd tot tyd nood beleef?

2. "Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom..."
   Kan ons net sê dat dit God is wat gehelp het as die situasie "bo-natuurlik" opgelos word? Kom God as't ware van buite af in die noodsituasie in? Waar is die "heiligdom"?

3. "Mag Hy aan al u graanoffers dink..."
   Vandag bring ons nie graanoffers nie, maar gebeur dit nie dat ons op ander maniere op God druk wil uitoefen dat Hy die situasie oplos soos ons dit wil hê nie?

4. Tog is daar 'n offer wat ons voor God kan en moet bring. Lees Hebreërs 9:11,12 en Romeine 12:1. Wat sou dit vir ons lewe beteken?

5. "Mag Hy u gee wat u hart begeer..."
   Tog kry ons nie altyd wat ons begeer nie. Hoe moet ons dan daaroor dink?

6. Wat sou oorwinning in ons lewe en in verskillende situasies beteken?

7. "Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde..."
   Deel met mekaar wat die tipiese "strydwaens" en "perde" is waarop ons baiekeer in ons lewe vertrou. Hoe kan ons dit laat gaan?

8. Hierdie psalm bestaan uit seënwense wat deur een party vir 'n ander toegesing word. Hoe kan ons mekaar meer seën?

Dienswerk
Hoe gaan dit met julle kleingroep se dienswerk? Kom iets van Wapadrant se vyf fokusareas na vore in julle dienswerk (Getuienis, Luister en praat met God, Viering, Dienswerk, Onderlinge liefde en verhoudings)?

Gebed

Gee aan elkeen in die groep geleentheid om te bid. Die persone wat nie op daardie stadium wil bid nie, bly gewoon stil sodat die volgende een dan kan bid. Dink veral aan mekaar, aan julle dienswerk en aan die nood van die wêreld in julle gebed.

Psalm 24

Ysbreker

Die doel met hierdie deel van ‘n kleingroepbyeenkoms is nie slegs om in mekaar se lief en leed te deel nie (dit natuurlik ook!), maar ook om mekaar op ‘n geestelike vlak beter te leer ken. Ons is nie gewoond om vir ander iets van ons binneste te laat sien nie, en tog kan dit geestelik, vir ons meelewing en liefde vir mekaar, soveel beteken wanneer ons dit doen. Daarom moet ons dit oefen! Een moontlikheid is die volgende:

> Laat elkeen in die groep om die beurt sê waarmee hy/sy tans in hulle stiltetyd besig is. Vra mekaar ook wanneer julle julle stiltetyd hou, en hoe julle dit inklee.

Aanbidding

Gee ‘n tyd van stilte. Elkeen word bewus daarvan dat hulle in die Here se teenwoordigheid is, en bid dat Hy hom/haar sal help om nou op Hom te fokus. Na ‘n minuut of twee kan een persoon dan die geleentheid aan die Here opdra.

Bybelstudie

Lees Psalm 24 saam met mekaar. Gee aan elkeen in die groep om die beurt geleentheid om ‘n vers te lees.

1. “Die aarde en alles wat daarop is ... *behoort* aan die Here.”
   Lees ook Romeine 1:1.
   Ons lewe in ‘n samelewing waar vryheid baie belangrik is. Jy wil nie aan iemand anders behoort nie. Jy wil soveel as moontlik self kan sê wat met jou gebeur. Maar kyk nou na die rede wat in vers 2 gegee word vir die stelling in vers 1. Watter dieper, beter soort vryheid kom na vore as ‘n mens die wêreld verstaan soos wat dit regtig is?

2. Hoe moet ons, in ons lewe, die “berg van die Here” en die “heiligdom” verstaan? Wat sou dit beteken om die berg van die Here uit te klim? Wat sou dit beteken om die heiligdom binne te gaan?

3. Om rein te wees en om suiwer te wees beteken dat daar niks anders by is nie. Iets is net een ding. Wat is rein hande dan? Wat is ‘n suiwer hart dan?

4. Lees Markus 9:2-8, Johannes 19:17,18 en Hebreërs 9:11,12.
   Hoe is dit dat ons mense rein hande en ‘n suiwer hart het en daarom in die heiligdom kan wees?

5. Nogtans is om die berg van die Here op te gaan, nie net ‘n kwessie van regverdigmaking nie (punt 4 hierbo), maar ook van heiligmaking. Wat sou dit vir ons beteken dat die opgaan teen die berg van die Here ook ‘n lewenslange reis is?

6. Dink julle mens is self altyd bewus van die onsuiwerhede in jou hart? Hoe groei ‘n mens daarin om die onsuiwerhede raak te sien vir wat hulle is, en sodoende, meer en meer los te kom van hulle af?

7. Hierdie psalm is moontlik by tye gesing tydens optogte deur die stad Jerusalem en tydens eredienste by die tempel. Die vraag- en antwoord-formaat, en die herhalende refrein laat mens dink dat groepe mense die psalm saam met mekaar gesing het. Is rein hande en ‘n suiwer hart ook iets wat ‘n hele gemeenskap van mense kan hê? Kan die feit dat ‘n mens deel is van ‘n gemeenskap wat almal saam op reis is, jou help op jou reis?

Dienswerk

Hoe gaan dit tans met julle kleingroep se dienswerk? Indien julle nie as kleingroep by een of ander dienswerk betrokke is nie, is dit dalk nou die geleentheid om daaroor met mekaar te praat. Wees eerlik met mekaar – ook oor julle praktiese omstandighede. Dienswerk moet nie uit skuldgevoelens gedoen word nie, maar uit dankbaarheid en blydskap!

Gebed

Deel die verskillende aspekte van gebed aan verskillende mense toe:
Lofprysing
Verootmoediging
Danksegging
Smeking (eie nood/behoeftes)
Voorbidding (ander se nood/ behoeftes)

Psalm 27

Ysbreker
Nadat julle mekaar gegroet het en almal by almal gehoor het hoe dit met hulle gaan, struktureer vandag se leier die gesprek as volg: laat elkeen kortliks vertel van ‘n tyd/geleentheid toe hy/sy baie bly of gelukkig was.

Aanbidding
- Sing ‘n lied tot eer van die Here, of luister saam na ‘n CD-snit waarin die Here geloof word.
- Laat een persoon uit die groep Psalm 103:1-5 en 20- 22 uit die Bybel lees as julle gebed (vervang “ek” en “my” met “ons” op die toepaslike plekke).

Bybelstudie
Lees Psalm 27 twee keer aandagtig deur. Die tweede keer kan van ‘n ander vertaling as die eerste keer gebruik gemaak word.

1. Praat met mekaar oor die volgende stelling: “Vrees is onderliggend aan baie van die pyn en konflik wat ons mense ervaar. Selfs al lyk dit of die emosie aan die werk, woede of die soeke na plesier is, kan dit diep onder een of ander vrees wees.”

2. Laat die kleingroeplede met mekaar deel wat daar tans in hulle lewe is waarvoor hulle bang is.

3. Hoe kan dit wees dat, namate ‘n mens van die lig van die Here se reddende teenwoordigheid bewus word, die vrees minder word?

4. “Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag...”
   Wat is die “een ding” waarvan hier gepraat word?
   Hoe kan ons onsself oefen om al hoe meer net die een ding in ons lewe te soek?

5. “Om in sy huis te woon; sy goedheid te belewe, en daaroor te dink...”
   Wat sou dit beteken om in die Here se huis te woon? Wat sou dit vir ons beteken om in die tempel te wees? Wat is dit om te dink oor God se goedheid – is dit net ‘n verstaan met die kop?
   Hoe kan ons in ons lewe meer tyd daaraan bestee om te dink oor God se goedheid?

6. “Op die dag van gevaar sal ek in sy woonplek my offers bring”.
   Wat sou dit beteken dat ‘n mens op gevaar antwoord deur offers te bring? Moet jy jou nie eerder bewapen en verdedig, of vlug nie?

7. “Luister tog na my as ek roep... wees my genadig en hoor my gebed.”
   Deel met mekaar julle ervarings daarvan dat God julle gebede verhoor het.
   Hoe moet ‘n mens dan daaroor dink dat ons dit soms ervaar dat God nie ons gebed verhoor nie?

8. “Leer my u wil...”
   Wat sou dit beteken om die Here se wil te leer?
   Hoe verander die Here se wil van iets wat ’n naslaanbron op ’n rak is, na “iets” wat in my is?

Dienswerk
Is daar spesifieke aspekte van julle kleingroep se dienswerk waaroor julle dalk meer moet bid? Bespreek dit met mekaar en onthou vir die gebed.

Gebed

Laat een persoon in gebed dankie sê vir vanaand se byeenkoms en ook julle dienswerk en die nood/behoeftes van die kleingroeplede voor die Here bring.

Psalm 30

Ysbreker
Nadat julle mekaar gegroet het en almal by almal gehoor het hoe dit met hulle gaan, struktureer vandag se leier die gesprek as volg: laat elkeen kortliks vertel waarvoor hy/sy die bangste is.

Aanbidding
Indien moontlik, gee ‘n minuut stilte waarin elkeen eers self in die oomblik in God se teenwoordigheid kan kom. Daarna vra een persoon die Here se seën op die byeenkoms.

Bybelstudie
Lees Psalm 30 saam met mekaar deur.

1. Die opskrif van hierdie psalm sê dit is ‘n lied vir die inwyding van die tempel. Wat is die betekenis van die tempel? Wat sou die tempel in ons lewe vandag wees? Wat sou dit beteken om in die tempel te wees? (Vgl. Joh. 2:13-21; Rom. 12:1; Hebr. 10:19-25.)

2. Juis so, by die inwyding van die tempel, bid Dawid ‘n gebed waarin hy sing hoe die Here hom gered het. Watter rol kan getuienis in ons lewe en in ons eredienste speel?

3. Lees weer vers 2, 5 en 13.
   Wat is die bedoeling van Dawid se getuienis? Waarop stuur dit af?

4. Is erediens ‘n instrument om iets anders gedoen te kry, of is die waarde van erediens juis dit wat dit self is?

5. “Here, U het my gered van die doderyk, my aan die lewe gehou toe ek al op pad was na die dood toe.”
   Op watter wyse is hierdie woorde elke Christen se belydenis?

6. “Getuienis kan van ‘n baie spesifieke redding van die Here vertel, maar dit hoef ook nie. Dit kan handel oor ‘n ervaring dat die Here ‘bo-natuurlik’ gehelp het, maar in die meeste gevalle sal dit nie so wees nie.” Bespreek hierdie stellings.

7. “Ek het U om genade gesmeek:”
   Waarom is dit nodig en sinvol vir gelowiges om God altyd weer om genade te smeek – selfs al weet ons dat ons deur die geloof in Jesus Christus vrygespreek is?

8. “Ek was in die rou, maar U het my van vreugde laat dans. U het my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek.”
   Feesklere is klere vir spesiale geleenthede. Hoe kan en moet ons spesiale, liturgiese oomblikke in ons lewe van elke dag inbou?

Dienswerk
In ons gemeente verstaan ons “uitreikwerk” as die woorde én dade waarmee ons na ons medemens toe gaan om die goeie nuus van God se liefde in Christus te gaan vertel én waar te maak.

- Hoe vorder julle kleingroep se uitreikwerk?
- Het die uitreikwerk wat julle beplan, ten doel om die nood (geestelik én fisies) wat daar in die wêreld is, aan te spreek?

Gebed

Laat een persoon in die groep namens julle tot die Here bid. Julle kan ook ‘n paar mense vra om te bid, of elkeen kan ‘n geleentheid kry.

- Onthou, hierdie gebed is ‘n antwoord op die Here se Woord wat julle nou gehoor het. Laat dit in die gebed weerspieël word.
- Bid vir mekaar se omstandighede.
- Bid vir die nood van die wêreld, asook vir julle groep se beplande uitreikwerk.

Psalm 34

Ysbreker
Gee aan elkeen kans om te vertel wat sy gunsteling fliek/televisieprogram is.
Gee aan elkeen ’n beurt om sy hoogtepunt van die laaste week te deel en om te sê waarna die meeste in die komende week uitgesien word.

Aanbidding
Steek ‘n kers aan om daarmee uit te druk dat julle nou gefokus in die Here se teenwoordigheid kom.
Gee aan twee persone geleentheid om te bid: die een loof en prys die Here; die ander smeek Hom om Sy leiding en teenwoordigheid in die byeenkoms.

Bybelstudie
Lees Psalm 34 saam deur. Deel die verse van die psalm tussen die mense in die groep sodat elkeen ‘n geleentheid kry om voor te lees.

1. Lees weer die opskrif van die psalm (vers 1). Lees nou ook 1 Samuel 21:10-15, wat waarskynlik die vertelling is van die gebeure waarna die opskrif verwys.
   Watter situasies in ons lewe kan opduik waar ‘n mens so totaal magteloos is soos Dawid hier was? Wat is die ervarings en emosies van iemand wat soos ‘n laspos weggejaag word?

2. “Ek is een van die ellendiges wat geroep het.”
   Gebeur dit nie dikwels dat ons ontken – teenoor ander, en juis ook teenoor onsself – dat dit regtig sleg gaan nie? Watter waarde kan daarin wees om, wanneer dit so is, te erken dat dit ellendig gaan?

3. Die houding van hierdie psalm is nie uit die hoogte nie. Die digter is self iemand wat diep ellende beleef het, en ook beleef het hoe God hom gered het. Dit is hoe hy nou praat met ander wat swaarkry. Hoe kan ons hierin iets van Jesus Christus raaksien? (Vgl. Fil. 2:5-11.)

4. “Ek sal die roem van die Here sing; dié wat swaar kry, sal dit hoor en daaroor bly wees.”
   Hoe en waar moet ons die roem van die Here sing sodat dié wat swaarkry dit sal hoor, en daaroor bly sal wees?

5. “Kom ondervind en sien self dat die Here goed is!” Hierdie woorde kan ook weergegee word met: “Kom proe, en sien self dat die Here soet is!”
   Bespreek die volgende stelling: mense word nie altyd oortuig met rasionele argumente nie. Dit is wanneer hulle fisies saam met die Here in die gemeenskap van gelowiges lewe dat dit sin maak.

6. Wat kan ons doen om hierdie uitnodiging van vers 6 nog kragtiger aan ons gemeenskap te rig?

7. “Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle.”
   Engele is dienaars wat die Here se wil doen, dit is God wat deur hulle optree. Is ons nie dalk geneig om aan engele, of duiwels of geestelike oorlogvoering te veel aandag te gee nie, terwyl dit eintlik oor God self gaan?

8. Lees weer verse 12–15.
   Hierdie stuk onderwysing is ingebed in ‘n psalm waar die digter vertel hoe hy in die nood was, hoe God gehelp het, en hoe hy nou die Here prys. Hy leer dus uit ervaring.

Kan ‘n mens te veel net op jou eie ervaring staat maak?
Kan ‘n mens ook te min aandag gee aan jou eie ervaring?

9. “Die Here is naby die gebrokenes...”
   Hierdie stelling kan op meer as een manier verstaan word. Kyk hoeveel kante julle kan raaksien.

<u>Dienswerk</u>
Bespreek hoe julle as kleingroep gaan betrokke raak

- in die gemeente;
- buite die gemeente.

<u>Gebed</u>
Gee aan elkeen in die groep geleentheid om te bid. Die persone wat nie op daardie stadium wil bid nie, bly gewoon stil sodat die volgende een dan kan bid. Dink veral aan mekaar, aan julle dienswerk en aan die nood van die wêreld in julle gebed.

Psalm 36

Ysbreker
Behalwe dat die groeplede in mekaar belangstel en uitvra hoe dit gaan, is dit belangrik dat julle ook meer van mekaar se innerlike leer ken. Hoe anders gaan julle dan regtig vir mekaar kan begin omgee? Daarom aan elkeen die geleentheid om die volgende met die groep te deel: as daar een ding in jou lewe is wat jy kon verander, wat sou dit wees?

Aanbidding
Roep die kinders by en laat een van die ouers hulle begelei om in die Here se teenwoordigheid te wees aan die hand van 'n stukkie verkondiging of bemoediging of lering.
Sing liedere wat die kinders ook ken, en laat een of meer van die kinders bid om die Here se seën.

Bybelstudie
Lees Psalm 36 deur. Luister daarna weer 'n slag na die hele psalm in 'n ander vertaling.

1. In die hart van hierdie psalm is daar 'n pragtige belydenis. Lees weer verse 6 en 7 saam.
   Wat sê hierdie woorde van God? (vgl. 1 Johannes 4:7-10.)
   Vandag is die hemel, die wolke, die hoogste berge en die dieptes van die see nie noodwendig sulke uiterstes vir ons mense nie. Hoe sal ons die wonder en ontsag in hierdie woorde in vandag se taal uitdruk?

2. Die psalm sing van twee basiese houdings teenoor God se liefde en trou.
   Aan die een kant is daar die "goddelose." Lees weer verse 2 en 3. Hoe het opstand teen God en die "self" met mekaar te make?

3. Kan 'n mens se eie-ek so groot wees in jou lewe dat jy nie eers besef jy is besig om te haat en seer te maak nie? Kan die eie-ek steeds in 'n Christen se lewe 'n probleem wees?

4. Lees weer vers 4 en 5.
   Kyk na die werkwoorde in hierdie verse. Wat sê dit van 'n goddelose lewe?
   Watter rol speel gewoontes (goeies en slegtes) in 'n mens se lewe?

5. Aan die anderkant is daar die mense wat by God skuil (vers 8.) Waar is die self, die "ek", in hierdie mense se lewe?

6. Lees vers 9.
   Wat sou die "oorvloed" wees waarvan hier gepraat word? Hoe sou dit vergelyk met 'n lewe waar die self steeds in die middelpunt staan?

7. "U laat hulle drink uit die strome van u goedheid. U is die bron van die lewe..."
   Bespreek: die ware lewe bestaan daaruit om by die bron/die stroom te bly – nie om self op te gaar en af te kamp nie (vgl. Jeremia 2:13).

8. "Deur U lig lewe ons."
   Lees ook Psalm 63:4.
   In ons wêreld is liggaamlike lewe alles. Ons probeer ten alle koste liggaamlik aan die lewe bly.
   Wat sou dit beteken dat God se lig, God se liefde die *eintlike* lewe is?

Dienswerk

Een manier om julle te help onthou dat ‘n kleingroep altyd oop moet wees vir nuwe mense wat bykom (nuwe intrekkers of mense wat voorheen kerklos was), is om ‘n leë stoel by elke byeenkoms in julle kring neer te sit. So sal die leë stoel julle daaraan bly herinner dat julle moet bid vir die mense buite die kerk. Bid dat die Here die getal van die uitverkorenes sal laat vol word. Praat met mekaar of daar mense in julle vriendekringe is wat soekend is, en vir wie julle dalk na julle kleingroep-byeenkoms kan uitnooi.

Gebed

Dank die Here vir die nuwe lewe in Jesus Christus.
Bid dat ons gemeente – en julle kleingroep – ‘n feesvierende gemeenskap sal wees.
Bid vir mekaar.